NOORD Nuus 2018

wellington-noord Geloofsgemeenskap

22 Julie 2018

koningkrykstyd

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant **Ds. Francois Human**	**Orrelis** **Johann Enslin**
09:30	**Erediens**	
	Dienswerkers: Carel vd Merwe en Rudolf Jansen van Vuuren	
	DEUROFFER: BybelMedia	
10:45	**Kategese**	

Baie hartlik welkom en geluk aan verlede Sondag se dopelinge, asook vanoggend se twee babas wat ten doop gebring word:

Marno en Corné se seun **Daniël Gerber**
Schalk en Minette Burger se dogter **Anise Burger**
Danie en René Weyers se dogter **Amelia Wyers**
Tienie en Danél Malan se seun **Marthinus Charl Malan**
Corné en Hester Groenewald se dogter **Nina Groenewald**
Frederick en Christiena Rabie se dogter **Lia Rabie**

KERKBODES beskikbaar in die voorportaal – neem gerus een.

40 Dae boekies – 6 weke in Jesus se geselskap is beskikbaar in die kerkkantoor @ R 30 'n boekie. 40 Dae se afskop is op Sondag 5 Augustus 2018.

Wees 'n Lig vir die wêreld

Kwartaalprogram

'n Geseënde kwartaal vol tekens van menswaardigheid word almal toegewens

WOENSDAG 1 AUGUSTUS 2018 - Vrouediens Sameroepsters en Wyksleidsters vergader om 07:30 in die Onthaalsentrum.

SONDAG 5 AUGUSTUS 2018
40 Dae begin.

DINSDAG 14 AUGUSTUS 2018
Senior Lidmate winter-ete om 12:00 in die Onthaalsentrum.

SONDAG 19 AUGUSTUS 2018
Kategese Muntlegging.

MAANDAG 20 AUGUSTUS 2018 – Uitvoerende Bestuur vergadering om 19:00 by die pastorie.

SATERDAG 1 SEPTEMBER 2018
Basaar! Basaar! Basaar!

SONDAG EN MAANDAG 2&3 SEPTEMBER 2018
Ringsitting te Wellington-Oos.

SONDAG 9 SEPTEMBER 2018
40 Dae afsluiting asook NAGMAAL.

SATERDAG 15 SEPTEMBER 2018
Graad 0-3 kategese uitstappie.

SONDAG 16 SEPTEMBER 2018
SANGDIENS.

MAANDAG 17 SEPTEMBER 2018
Kerkraadsvergadering om 19:00 in die konsistorie.

VRYDAG 28 SEPTEMBER 2018
Skole sluit.

Angs- en Depressie Ondersteuningsgroep

Dinsdag, 24 Junie om 19:15 by Martha Saal.
Tema: Ouerskapstyle en die effek daarvan op verhoudings en emosionele welsyn.
Spreker: Luc Scheepers
(Kliniese Sielkundige)

Steward Scott (22) – Willem van Heerden (22) – Kobus de Jager (23) – Pierre Rossouw (23) – Willem Barnard (24) – Mynie de Goede (24) – Frans van der Merwe (24) – Alta Basson (25) – Werner Botha (25) – Eddie Buxmann (25) – Wena Geldenhuys (25) – Bennie Koen (25) – DH van Niekerk (25) – Hansie Eyssen (26) – Annalene Smit (26) – Ronel van der Merwe (26) – Adriaan Venter (26) – Marinda Fourie (27) – Gerhard Maritz (27) – Diaan Walters (27) – Leandré Bezuidenhout (28) – Linzi Blomerus (28) – Janie Loedolff (28)

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600 tot aan die einde van Desember waarna die koste sal verhoog. Indien u belangstel in die koop van 'n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.

CBMC
CBMC South Africa
Christian Businessmen's Connection
Tel: +27 (0) 21 870 1850

Preek: 15 Julie 2018

Psalm 8:4 en Jesaja 43

Of mense van vanoggend se 4 dopelinge weet of nie – die Here weet want Hy het hulle gemaak – die kroon van Sy skepping. Dit is wat saak maak.

Dit wat huidiglik aan die gang is wil baie mense doen, nl sokker speel, tennis ens. In dieselfde tyd was 'n sokkerspan vasgekeer in 'n grot in Thailand. Dit haal die nuus.

Daar was egter nog 'n reddings geleentheid 2000 jaar gelede toe die Here se liggaam op die spel was sodat die wêreld gered kon word. Sodat ons kan lewe as vry mense.

Ons moet dit bly vertel vir hierdie vier dopelinge – Jesus het hulle vrygemaak. Hierdie 4 gesinne se huishoudings verskil, maar die reëls bly dieselfde vir almal. Die manier hoe julle kinders gaan groot maak gaan verskil van mekaar – die inhoud bly dieselfde, maar die praktiese uitleef daarvan verskil. Hulle moet hul eie belangstelling in die lewe ontdek.

God kry baie dinge reg, maar God kry dit nie reg om jou naam te vergeet nie, want Hy het jou gevorm. Hy weet alles van jou af.

Wie se kind is jy? Aan wie behoort jy? Vir wie het jy jou hart gegee? Moenie speel met tyd nie. Die here sal dadelik sê "dit is my kind – Ek het hom/haar gevorm".

Mag die Here vir jou in oormaat seën. Hy het jou gemaak – Hy is trots op jou. "Moenie bang wees om te lewe nie – Ek is by jou" sê die Here.

Gebedsgids vir Bybelwerk – 22-28 Julie 2018

Belarus: Bid dat dwelmverslaafdes wat in Christelike rehabilitasiesentrums opgeneem is, die kans sal kry om nie net hulle verslawing te oorkom nie, maar dat hulle ook die Bybel sal ontdek. Bid dat die 500ste bestaansjaar van die Belarussiese Bybel veral jongmense se belangstelling in die Bybel sal aanwakker. Bid vir samewerking tussen die Bybelgenootskap en die kerke.

Litaue: Bid dat die interkerklike vertaling van die Bybel in moderne Litaus leesbaar, maklik verstaanbaar en akkuraat sal wees. Bid dat die Bybel in Gebaretaal die Woord toeganklik vir die dowe gemeenskap sal maak. Bid ook vir ons *Lewende Prente*kompetisie om kinders by die Bybel betrokke te kry.

JEUG - JEUG - JEUG

MUNTLEGGING - 19 AUGUSTUS	KOFFIE EN KOEK R20 19 AUGUSTUS
GRAAD 0-3 UITSTAPPIE - 15 SEPTEMBER	GRAAD 4 -10 UITSTAPPIE - 20 OKTOBER

Bybelskool begin weer Dinsdag 24 Julie 2018 om 18:30 en Woensdag 25 Julie 2018 om 09:30 in konsistorie.

Finansies - Terugvoering

Die gemeente-ete het 'n pragtige inkomste van R 19 130 opgelewer en die Duif-veiling en Spitbraai 'n ongelooflike inkomste van R 189 100 met uitgawes van R 69 708.Die inkomse waarvoor ons begroot het vir die Duif-veiling was R 199 200 en die uitgawes R50 000. Dit laat ons met R 29 808 onder begroting. Alles in ag genome was dit egter 'n uiters suksesvolle aand. Nogmaals baie dankie aan Theo Heydenrych en sy span vir al die harde werk daaragter.

Wat ons begroting aanbetref toon ons aan die einde van Junie 2019 'n verlies van R 88 007. Die dorp asook distrik Dankoffers moet nou 'n 33% inkomste genereer en staan ons op 'n inkomste van 21%. Die gereelde gee van maandelikse Dankoffers skiet vér tekort aangesien dit altyd net 'n handjievol lidmate is wat op 'n gereelde basis hul Dankoffers na die kerk toe bring.

Ons kerk beskik ook oor 'n debietorderstelsel wat baie goed werk, en wat ons verseker van 'n maandelikse inkomste, veral tydens vakansies wanneer daar bitter min geld inkom. Debietorder vorms is beskikbaar in die voorportaal. U hoef geen bankkostes te betaal nie, maar net die bedrag wat u bereid is om te gee. Voltooide vorms moet aan die skriba terug besorg word sodat sy u debietorder kan aktiveer.

Ons basaar is op 1 September waarvoor ons 'n inkomste van R360 000 begroot het. Met almal se samewerking is die inkomste haalbaar.

Daar is baie uitgawes wat 'n kerk moet dra, maar om die inkomste haalbaar te maak is werklik 'n groot uitdaging in moeilike ekonomiese tye.

BAIE DANKIE aan diegene wat getrou hul offergawes na die huis van die Here bring. Ons het al lankal afstand gedoen van 'n stelsel waar diakens kollekteer, en verander na die verantwoordelikheid van lidmate om hul offers na die kerk toe te bring.

VERHURING VAN ONTHAALSENTRUM

Ons verhuur ons Onthaalsentrum vir troues en kleiner funksies. Kontak Marita gedurende kantoorure by 021-8732763 vir verdere navrae. Tans maak die VLV, CABSA en AMOS op 'n gereelde basis gebruik van ons saal vir funksies en opleiding doeleindes. Dit is weer ons Gemeente se uitreik na buite deur ons saal beskikbaar te stel vir laasgenoemde instansies. Ons onthaalsentrum word ook beskikbaar gestel vir twee groot fondsinsinsamelings geleenthede, nl. Sunfield Home en Silwerkruin.

NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 I **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington:
430 580 019

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**